**Saterdag 8 Oktober**

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 4:44 – 5:4**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 5:1 (1983-vertaling)**

## Gewillige gehoorsaamheid

Gehoorsaamheid? Hoekom is ons aan God se voorskrifte gehoorsaam? Doen ons dit omdat ons bang is vir God se straf? As dit die rede is, dan kan ons dit maar los, want dit beteken niks om iets uit dwang te doen nie. Kan mens liefde afdwing? Nee, en God wil ook nie. In ons teksgedeelte vra God ons om gehoorsaam te wees omdat ons wil en nie omdat ons moet nie.

In Deuteronomium 4:45, 46 hoor ons dat Moses die voorskrifte en verordeninge aan die volk oordra nadat hulle uit Egipte weggetrek het. So moet God se volk leef nadat hulle verlos is. Moses het tussen die Here en die volk gestaan, en dit is vir ons ’n heenwysing na Jesus Christus wat tussen God en ons staan. Ons verdien nie verlossing deur volgens die wet te leef nie. Ons ontvang verlossing uit genade, deur geloof in Jesus Christus. Nou sê die Here vir ons hoe ons as verloste kinders moet leef.

Christus som die wet met liefde op. Liefde vir God en liefde vir jou naaste. In Deuteronomium 5:1 praat Moses van vandag, dit wil sê hier en nou. Dit geld ook vir ons, hier en nou, vandag nog. Verder sê hy in Deuteronomium 5:1 dat ons na die Here se opdrag moet luister: “Wees lief vir God en jou naaste.” Hy sê ook ons moet verstaan wat God vir ons sê: “Jy kan nie gedwing word om lief te hê nie.” Laastens sê hy ons moet gaan doen wat God sê: “Jou liefde vir God word sigbaar in jou liefde vir jou naaste.”

Wees vandag nog gehoorsaam aan die Here se liefdesgebod. Nie omdat jy moet nie, maar omdat jy wil.

*Sing: Skrifberyming 9-3:1, 2*

*Ds. JG (George) van der Walt (Empangeni)*